

1 Desember 2014

Geagte handelskrediteure en HS Beleggers

BEKRAGTING VAN ARTIKEL 155 REËLINGSKEMA

1. Neem asseblief kennis dat die Reëlinskema ingevolge Artikel 155 van die Maatskappywet van 2008 ("**die Reëlinskema**"), voorgestel deur Orthotouch Beperk ("**die Maatskappy**"), op 26 November 2014 bekragtig is deur die Hooggeregshof van Suid Afrika ("**die Hof**").
2. In terme van klousule 3.2.1.2 van die Reëlinskema dokumente, u word hiermee in kennis gestel van u regte en verpligtinge.
3. Al die handelskrediteure en HS Beleggers wat gereflekteer word in die rekeningkundige boeke van die Maatskappy en/of die HS Maatskappye, sal beskou word as handelskrediteure en HS Beleggers vir die doeleindes van deelname aan die Reëlinskema en vir die bedrae soos uiteengesit in die rekeningkundige boeke van die Maatskappy en/of die HS Maatskappye.
4. Indien enige handelskrediteur en/of HS Belegger bevestiging vereis van die bedrag van sy/haar eis in die rekeningkundige boeke van die Maatskappy en/of die HS Maatskappye, kontak asseblief vir die Maatskappy per e-pos by admin@orthotouch.co.za, of per faks by 086 692 9247 en merk asseblief sodanige korrespondensie vir die aandag van die Ontvanger.
5. Sou enige handelskrediteur en/of HS Belegger 'n ander eis as bogemelde eise wou bewys, of vir enige ander bedrag, sal so 'n handelskrediteur en/of HS Belegger sodanige eis fisies moet inhandig en bewys word by die Ontvanger by sy se kantore, nie later as teen sluit van besigheid op 10 Desember 2014 nie. Vir sodanige doeleindes nomineer die Ontvanger die 1ste vloer, Bestuurderskantoor, Cedar Square, hoek van Willow Laan en Cedar Straat, Fourways. Sodanige eise moet gemerk word vir die aandag van die Ontvanger.
6. Eise ingedien soos voormeld sal bewys word tot die bevrediging van die Ontvanger asof hy die voorsittende beampte is by 'n vergadering vir die bewys van eise wat binne die bedoeling van Artikel 44 van die Insolvensiewet 24 van 1936 val, saamgelees met Artikel 366 van die Maatskappywet 61 van 1973. Sodanige eise sal gepaardgaan met getekende en gesertifiseerde beeïdigde verklarings, welke verklarings inligting en besonderhede sal bevat, tesame met stawende dokumente, soos vereis word vir die bewys van eise in ooreenstemming met bogemelde voorskrifte.
7. Die Ontvanger se beslissing om die eise toe te staan of te verwerp in hierdie verband sal onderworpe wees aan hersiening deur die Hof, op aansoek van enige party wat daardeur

geaffekteer is, mits die hersieningsprosedure binne 30 (dertig) dae vanaf datum van ontvangs van die beslissing van die Ontvanger gebring word. Sou enige geaffekteerde party nalaat om so 'n aansoek te bring, sal dit geag word dat hy/sy afstand gedoen het van hul reg om so 'n beslissing te betwis en sal hy/sy belet word om sodanige hersieningsprosedures te bring.

**ELEKTRONIES GEPLAAS
OORSPRONKLIKE ONDERTEKEN DEUR ONTVANGER**